basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 28 bladsye.

Kopiereg voorbehou

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

Kognitiewe Vlakke	Historiese vaardighede	Gewigstoekenning van vrae
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en twee punte elk wat toegeken word (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte wat toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

_____ . _____ . _____
_____ . _____
√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, sal daar dus sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50 PUNTE

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1*
AANBIEDING → **INHOUD** ↓	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is.	**47–50**	**43–46**					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	**43–46**	**40–42**	**38–39**				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	**38–39**	**36–37**	**34–35**	**30–33**	**28–29**		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			**30–33**	**28–29**	**26–27**		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				**26–27**	**24–25**	**20–23**	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					**20–23**	**18–19**	**14–17**
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						**14–17**	**0–13**

*Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: HOE HET DIE NOORD-ATLANTIESE VERDRAG EN DIE WARSKOU-VERDRAG IN DIE 1940's EN 1950's DIE KOUE OORLOG TUSSEN DIE VSA EN DIE SOWJETUNIE VERERGER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- '…gelei tot die onvermoë van hierdie organisasie om konflik op te los en voldoende wapenbeheer in te stel' (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – L1]*

- 'n Verwerping van 'n besluit van 'n ander land gedurende 'n stemproses/ 'n stem teen 'n voorgestelde mosie
- Die mag van ‘n lidmaat om ‘n meerderheid stem nietig en nietig te verklaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- '… hulle eie antwoord op die Marshall Plan' (1 x 1) (1)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – L2]*

Churchill het besef:

- dat aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het kommunisme versprei na Westelike Europa
- dat dit nodig was vir Westelike nasies om 'n koalisie te skep met die doel vir beskerming teen Sowjet aggressie/ uitbreiding
- die verdiepende verdeeldheid tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie/kapitalisme en kommunisme
- die Koue Oorlog-periode/ spannig het begin na die einde van die Tweede WêreldOorlog
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*

(a)

- Verteenwoordig die Verenigde State wat 'n leidende rol gespeel het in die inwyding/ versterking van die verdedigende alliansie vir Westerse lande teen Sowjet- aggressie/argitek van die formasie van die Noord-Atlantiese Verdrag
- Beskerming van kapitalisme teen kommunistiese infiltrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- Lande wat die Noord Atlantiese Verdrag ingestel het/ aangesluit het/die Noord-Atlantiese Verdrag onderteken het
- Lande verbind tot kapitalisme/ teen kommuniisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)
-

(c)
- Lande wat nog nie aangesluit het/die Noord-Atlantiese Verdrag onderteken het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – L2]*
- Hulle verteenwoordig Brittanje en Frankryk as deel van Westerse lande wat met die Amerika saamgewerk in die totstandkoming van die Noord-Atlantiese Verdrag
- Hulle was bondgenote van die VSA gedurende die Tweede Wêreldoorlog
- Hulle wou 'n alliansie vorm wat die Westerse lande sou beskerm teen enige toekomstige Duitse aanval
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1B om ooreenkomste te bepaal – L3]*
- In Bron 1A noem President Truman die behoefte aan 'n **defensiewe alliansie** onder Westerse nasies teen Sowjet aggressie en Bron 1B wys die totstandkoming van 'n **defensiewe oorlog alliansie** tussen Westerse nasies/lande
- Bron 1A noem dat daar **gesamentlike bystand** moet wees onder Westerse lande en Bron 1B beeld leiers uit wat Westerse lande verteenwoordig (Acheson van VSA, Bevin van Brittanje en Schuman van Frankryk) wat **saamwerk** om 'n sterk verdedigende alliansie te bou/Beide bronne dui aan dat die Noord-Atlantiese Verdrag (ooreenkoms) deur Westerse lande gevorm was vir die doel van **verdedigende bystand**
- Beide bronne verwys na die Dunkirk-verdrag wat die **basis gevorm het van gemeenskaplike ondersteuning** tussen Brittanje en Frankryk wat Westerse nasies ondersteun het
- Beide bronne verwys na die insluiting van Benelux-lande **om die defensiewe alliansie te versterk** van die Noord-Atlantiese Verdrag (Ooreenkoms)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*
- '… om vriendskaplike verhoudings en ekonomiese samewerking met mekaar te handhaaf …'
- '… om met mekaar te konsulteer wanneer die grondgebied of onafhanklikheid van enigeen van hulle bedreig sou word …'
- '… om hulp te verleen aan enige van hulle wat aangeval sou word'

(enige 2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*

- '… ons internasionale sake in ooreenstemming met die voorwaardes van die Handves van die Verenigde Nasies te bestuur '
- 'Volgens Artikel 51 van die Handves, onderneem ons om ons reg op kollektiewe of individuele selfverdediging teen 'n gewapende aanval uit te oefen …'
- '…. te onderwerp aan sodanige (sulke) maatreëls as wat 'n Veiligheidsraad sou tref om internasionale vrede en sekuriteit in stand te hou en te herstel.'
- 'In hierdie Verdrag wil ons vryheid van aggressie en die gebruik van geweld in die Noord-Atlantiese gemeenskap skep.' (enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – L2]*

- Om Europa en die Weste te beskerm teen die aggressie wat ondervind is gedurende die vorige oorloë
- Om vrede te verseker vir die kapitalistiese blok / Westerse lande
- Om omstandighede te keer wat gelei het tot die Tweede Wêreldoorlog
- Lidlande verbind tot beskerming van mekaar teen eksterne aggressie veral militêre aanvalle
- NAVO (Ooreenkoms) lande tree op as 'n afskrikmiddel teen verdere aggressie/ verhoed toekomstige oorloë
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*

- '… deur langdurige bande saamgebind'
- '… gemeenskaplike erfenis van demokrasie …'
- '… individuele vryheid …'
- '… oppergesag van die reg' (enige 1 x 1) (1)

1.4.5 *[Vasstel van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 1C – L3]*

Die bron is BRUIKBAAR want:

- Dit is 'n toespraak deur President Harry Truman (primêre/direkte bron)
- Harry Truman het die toespraak gegee as die President van die Verenigde State en 'n leierfiguur met die ondertekening van die Ooreenkoms
- Die toespraak is gelewer gedurende 'n ondertekening van die Noord-Atlantiese Verdrag in Washington op 4 April 1949
- Dit skyn lig op hoe NAVO-lidlande hulleself verbind het tot die voorwaardes van die Ooreenkoms/Verdrag wat hulle onderteken het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- '… Sowjetunie'
- 'Pole'
- 'Oos-Duitsland'
- 'Tsjeggo-Slowakye'
- 'Hongarye'
- 'Roemenië'
- 'Bulgarye' (enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Verduideliking van historiese term in Bron 1D – L2]*

- 'n Ideologie om 'n klaslose samelewing te beskerm en te verdedig en die gelyke verdeling van die produksiemiddele onder die Sowjetunie en sy Oos-Europese bondgenote as ondertekenaars van die Warskou-verdrag
- 'n Sosialistiese/Kommunistiese politieke en ekonomiese ideologie wat die Warskou-verdrag se struktuur en besluitnemingsprosesse beïnvloed het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – L2]*

- Na die verdeling van Duitsland, het Oos-Duitsland in kommunisme verval
- Dit het 'n lid geword van die satellietstate van die Sowjetunie
- Dit het die defensiewe alliansie van lande wat die ideologie van kommunisme gedeel het, versterk
- Om te keer dat dit 'n lid van NAVO word
- Oos-Duitsland was geografies deurslaggewend want dit was in die voorste linie van die Koue Oorlog direk op die grens van NAVO-verbonde Wes-Duitsland/ het as ‘n bufferzone gedien
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- 'Hierdie skuif het die behoefte aan 'n samehangende (verenigde) militêre reaksie onder kommunistiese nasies aangespoor.' (1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die verwerping van die Marshall-plan deur die Sowjetblok het gelei daartoe dat die Weste 'n defensiewe alliansie gestig het (Bron 1A)
- Die Dunkirk-verdrag (1947) het 'n defensiewe alliansie vir die Weste begin teen die kommuniste (Bron 1A)
- Die skep van die Noord-Atlantiese Verdrag is begin deur Amerika en het Westerse lande soos Engeland, Frankryk en Nederland ingesluit onder andere (Bron 1B)
- Die insluiting van die Benelux-lande soos (België, Nederland en Luxemburg) het gedien om die defensiewe alliansie van die Westerse lande te versterk (Bron 1B)
- Die Noord-Atlantiese Verdrag is gelei deur die vreedsame beginsels van die Verenigde Nasies a.g.v. die bedreiging van die Sowjetunie (Bron 1C)
- President Truman het verklaar dat lande wat bondgenote van die Noord-Atlantiese Verdrag was, saamgebind was deur hulle gemeenskaplike erfenis van demokrasie wat deel was van die VSA se beleid (Bron 1C)
- Die Warskou-verdrag was gekant teen die herbewapening van Wes-Duitsland en hulle insluiting by die Noord-Atlantiese Verdrag (eie kennis)
- In reaksie op die vorming van NAVO is die Warskou-verdrag geskep in 1955 deur verskeie Oos-Europese State (Bron 1D)
- Die Warskou-verdrag wou ook hulle weermagte versterk teen die waarskynlike bedreiging wat NAVO voorgehou het (Bron 1D)
- Die Sowjet-invloed is uitgebrei na Wes-Europa deur die insluiting van Oos-Duitsland by die Warskou-verdrag (Bron 1D)
- Die Noord-Atlantiese Verdrag van 1949 en die Warskou-verdrag (1955) het 'n defensiewe laag by die Koue Oorlog gevoeg wat alreeds die Truman Doktrine en die Marshall-plan teenoor die ROEB en Kominform afgespeel het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die Noord-Atlantiese Verdrag en die Warskou-verdrag in die 1940's en 1950's die Koue Oorlog tussen die VSA en die Sowjetunie vererger het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die Noord-Atlantiese Verdrag en die Warskou-verdrag in die 1940's en 1950's die Koue Oorlog tussen die VSA en die Sowjetunie vererger het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Noord-Atlantiese Verdrag en die Warskou-verdrag in die 1940's en 1950's die Koue Oorlog tussen die VSA en die Sowjetunie vererger het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET DIE SOWJETUNIE VANAF 1975 DIE ANGOLESE VOLKSBEVRYDINGSBEWEGING ('MPLA') IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG ONDERSTEUN?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- 'Die vrees was dat kommunisme soos 'n veldbrand na ander Afrikalande sou versprei.' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Die onttrekking van Portugal het Angola as 'n teiken gelos vir die verspreiding van kapitalisme en kommunisme gedurende die Koue Oorlog- jare
- Die Burgeroorlog in Angola het ontwikkel in die Koue Oorlog/Angola was vrugbare grond vir die Koue Oorlog-spanning met die indirekte betrokkenheid van buitelandse magte
- Angolese nasionalistiese bewegings het ideologieë aangeneem wat hulle bondgenote van buitelandse magte gemaak het
- Angola het minerale hulpbronne gehad, bv. olie en diamante wat die Sowjetunie en die Verenigde State aangemoedig het om betrokke te raak by die land
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

(a)

- '… Amerika …'
- '… Sowjetunie …'
- '… Kuba …'
- '… Portugal …'
- '… Suid-Afrika …'
- '… China …'
- '… Zaïre …' (enige 2 x 1) (2)

(b)

- '… National Front for the Liberation of Angola (FNLA) …'
- '… Angolese Volksbevrydingsbeweging ('MPLA') …'
- '… National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) …'

(enige 2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Hulle was besig om hulle werklike bedoelings te versteek om kommunisme te versprei
- Hulle belangstelling in Angola was om voordeel te trek uit hulle strategiese ligging as 'n weg na suidelike Afrika
- Om ekonomiese beheer van Angola te hê a.g.v. hulle ryk minerale hulpbronne
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- '… Arvid Pelshe …' (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2B – L1]*
- Om vry te wees van beheer/invloed/dominansie
- Om vry te wees om jou eie besluite te maak
- Om individuele regte en vryhede te beoefen
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- 'Lugafweergewere …'
- '… 120 millimeter- en 144 millimeter-artilllerie …'
- '… 122 millimeter-vuurpyle …'
- '… pantservoertuie …'
- '…T-34- en T-54-tenks …'
- '… Mig 21-vegvliegtuie …' (enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
- Hy was bang die MPLA sou meeding vir mag teen UNITA en die FNLA wat sy reputasie sou afekteer as die Hoë Kommissaris van Portugal
- Hy was nie oortuig dat die vryheid bewegings kompromie sou aangaan en instem tot die formasie die nasionale regering
- Om die beskuldigings van partydigheid/eensydigheid teenoor een vryheidsbeweging te verhoed
- Hy was ten gunste van 'n koalisie regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
- Die Sowjetunie het geglo die MPLA was die enigste politieke mag om Angola se toekoms te lei
- Die Sowjetunie sou die MPLA ondersteun om aan bewind te bly en vyande soos UNITA en FNLA te verslaan/ Die Sowjetunie en die MPLA het dieselfde ideologie gedeel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*
- Die Sowjetunie se betrokkenheid in Angola om kapitalisme teen te staan
- Die Sowjetunie se militêre ondersteuning aan MPLA gedurende die Angolese Burgeroorlog/Die Sowjetunie se aktiewe betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*

- Hulle beide het sosialisme/kommunisme ondersteun
- Hulle beide het prakties die MPLA ondersteun om die FNLA en UNITA te oorwin
- Hulle moes verseker dat kommunisme 'n ideologie word van die regerende regering
- Hulle het 'n sterk mag/ alliansie gevorm om te keer dat kapitalisme in Angola versprei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4. *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2C om ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 2B noem voortgaande **Sowjet militere ondersteuning** van vryheidsvegters en patriotte in Angola voor onafhanklikheid en Bron 2C beeld die **Sowjetunie se militêre ondersteuning** aan die MPLA in Angola uit
- Bron 2B verwys na **verhoogde Sowjet militêre hulp** aan MPLA en Bron 2C wys 'n **Sowjet-tenk** op pad na Angola/Beide bronne dui aan dat die Sowjetunie die **MPLA militaristies bygestaan** het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – L1]*

- 'Dit het die triomf van demokrasie gedwarsboom (vooruitgang voorkom of verhinder)'
- '… dit het 'n regime van 'n eensame, onpopulêre pro-Sowjet-kliek (groep) op Angola afgedwing …'
- '… dit het die produktiewe magte verlam …'
- '… die ekonomie van die land vernietig …'
- '… dit bedryf oorlog, geweld en bloedvergieting …'
- '… dit eis 'n uitermate hoë prys van die Angolese mense vir hulle vryheid, waardigheid en nasionale onafhanklikheid …'
- '… dit moedig onenigheid onder die mense aan' (enige 3 x 1) (3)

2.5.2 *[Verduideliking van historiese term in Bron 2D – L2]*

- 'n Pro- Westerse /kapitalistiese oogpunt wat verwys na ‘n strategie gebruik deur die Sowjetunie om waninligting te versprei om die MPLA voor te hou as Angola se regmatige leier
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Angola se afhanklikheid van Sowjet-Kubaanse ondersteuning het die land se vermoë om hulle eie oplossings te kry, ondermyn
- Die teenwoordigheid van Sowjet-Kubaanse magte sou 'n uitdaging wees vir die regering om effektiewe besluite te neem in die heropbou van Angola
- Dit sal nie toelaat dat die drie vryheidsbewegings (MPLA, FNLA en UNITA) saamwerk nie
- Hulle het die MPLA se bakleiery teen die FNLA en UNITA ondersteun
- FNLA en UNITA sal nie bly wees met die Sowjet-Kubaanse verowering omdat hule kapitalisme ondersteun het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Bepaal die beperkinge van Bron 2D – L3]*
Die bron is BEPERK omdat:

- Dit is geskryf deur Chitunda, UNITA se inligtingsbeampte se perspektief (eensydig)
- Dit is bevooroordeel teenoor die Sowjetunie se ondersteuning aan die MPLA deur die skade te beklemtoon (bv. op die ekonomie en produksie) wat deur die Sowjet-Kubaanse besetting veroorsaak is
- Dit gebruik emosionele taal soos, 'vernietigend', 'wrede' en 'intensiewe propagandaveldtog' om Sowjet-imperialiste te diskrediteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Angola was in 'n volmagoorlog ingetrek toe die Sowjetunie besluit het om die MPLA by te staan as gevolg van ideologiese oorlogvoering teen die FNLA en UNITA (Bron 2A)
- Die Sowjetunie het die MPLA ondersteun om die verspreiding van kapitalisme te stop in Angola (Bron 2A)
- Die Sowjetunie het Angola geteiken omdat hulle (Angola) een van die grootste oliereserwes en natuurlike hulpbronne gehad het (Bron 2A)
- Die natuurlike hulpbronne was belangrik vir die Sowjetunie vir die ontwikkeling van kernwapens (Bron 2A)
- Die Sowjetunie se doelwit was nie slegs om toegang tot Angola se hulpbronne te kry nie, maar om Angola as poort te gebruik om kommunisme in Afrika te versprei (eie kennis)
- Die Sowjetunie het Angola beskou as die ideale land om Koue Oorlog-spanning met die VSA voort te sit (eie kennis)
- By die 58ste viering van die Sowjet-revolusie het Arvid Pelshe klem gelê op die Sowjetunie se steun vir die Angolese Vryheidsvegters (Bron 2B)
- Die Sowjetunie het militêre hulp en raadgewers verskaf om die MPLA by te staan ná Angolese onafhanklikheid (Bron 2B en eie kennis)
- Alhoewel daar drie Angolese Vryheidsbewegings was wat geveg het vir mag het die Sowjetunie net die MPLA erken as die leier van die Angolese mense (Bron 2B)
- Die Sowjetunie het militêre ondersteuning verskaf as 'n intervensie vir die MPLA (Bron 2C)
- Die aflewering van tenks is waargeneem deur Leonid Brezhnev en Fidel Castro (Bron 2C)
- Die teenwoordigheid van die Sowjetunie in Angola het verseker dat kommunisme voortbestaan ten spyte van die negatiewe invloed op die plaaslike mense (Bron 2D)
- Die Angolese het afhanklik geraak van die Sowjet-Kubaanse ondersteuning wat Angola se ekonomiese ontwikkeling vertraag het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van waarom die Sowjetunie vanaf 1975 die Angolese Volksbevrydingsbeweging ('MPLA') in die Angolese Burgeroorlog ondersteun het.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip van waarom die Sowjetunie vanaf 1975 die Angolese Volksbevrydings-beweging ('MPLA') in die Angolese Burgeroorlog ondersteun het.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom die Sowjetunie vanaf 1975 die Angolese Volksbevrydingsbeweging ('MPLA') in die Angolese Burgeroorlog ondersteun het.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

VRAAG 3: VOOR WATTER ERVARINGS HET ELIZABETH ECKFORD IN 1957 TE STAAN GEKOM TYDENS 'N POGING OM CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, TE DESEGREGEER?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- '… om kulturele waardes by die kind aan te wakker …'
- '… in sy voorbereiding vir latere professionele opleiding …'
- '… om hom te help om normaal by sy omgewing aan te pas' (enige 2 x 1) (2)

[*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- '… as hy die geleentheid tot onderwys ontneem word' (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A – L1]*
- Die skeiding van/diskriminasie teen mense volgens ras/velkleur
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*
- Swart kinders sou nie hulpbronne soos ander of soos wit kinders hê nie
- Die Amerikaanse Hooggeregshof het beslis dat aparte onderwysfasiliteite ongetwyfeld ongelyk was
- Het daartoe gelei dat swart kinders afgewaterde onderwys ontvang het
- Het daartoe gelei dat swart kinders sielkundig beïnvloed is
- Het daartoe gelei swart kinders hulle selfwaarde en selfrespek bevraagteken het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Bepaling van die betroubaarheid van bewyse uit Bron 3A – L3]*
Die bron is BETROUBAAR omdat
- 'n Hofbeslissing (primêre / direkte bron)
- Die hofbeslissing is deur die Amerikaanse Hooggeregshof in 1954 gemaak
- Die hofbeslissing is genoem as 'n voorwaarde wat relevant en van toepassing was op die desegregasie van Central High School in Little Rock, Arkansas, drie jaar later in 1957
- Die beslissing was van toepassing op onderwys, wat relevant en toepaslik was op die Central High School-saak
- Die beslissing het die finale uitspraak gekenmerk ten opsigte van skool-segregasie en gelei tot die desegregasie van skole ná 1957 in die VSA
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- '… die Little Rock Nege...' (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- 'Ek het verwag dat daar miskien iets meer vir my by Central beskikbaar sou wees wat nie by Dunbar beskikbaar was nie …'
- '… dat daar dalk meer kursusse was wat ek kon volg …'
- '… dat daar meer opsies beskikbaar was' (enige 2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Die NAACP het verwag dat geweld kan uitbreek
- Om te verseker dat die eerste dag van integrasie vlot sou verloop
- Om die proses van desegregasie by Central High School te ondersteun/ om morele ondersteuning aan die studente te bied
- Om die vrese van die Little Rock Nege uit die weg te ruim/ om die moontlikheid van studente wat individueel geteiken word te verhoed
- Om die filosofie van nie-geweld te wys van die burgerregtebeweging
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Sy het bedreig gevoel/vreesbevange
- Sy was verwar deur die geskree wat soos 'n vyandige bende geklink het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C– L2]*

(a)

- Sy wag vir 'n bus om weg te kom (teleurgesteld) van die onstabiele atmosfeer nadat sy verhoed is om die skool binne te gaan
- Sy het haar man gestaan om haar vyande uit te daag wat teen skool-desegregasie was
- Verteenwoordig die uitdagings wat die Little Rock Nege ondervind het toe hulle gepoog het om Central High School binne te gaan
- Sy kom voor as geisoleer, kwesbaar en oorgelaat om ‘n geweldadige bende alleen te aanskou
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2) (2)

(b)

- Om die desegregasie van die skool te verhoed/ om integrasie te verhoed
- Om wet en orde te handhaaf
- Om die staat se segregasiewetgewing te beskerm
- Enige ander relevante antwoord enige 1 x 2) (2) (2)

(c)

- Om te beklemtoon wat Swart Amerikaners moes deurgaan in die geveg teen segregasie
- Om rassisme/ onregverdige wette in Amerika te ontbloot
- Om druk op die regering te sit om segregasie/ rassisme te eindig
- Om die dapperheid van jong Elizabeth Eckford in die teenwoordigheid van volwasse wit rassiste vas te vang
- Om die kalmheid van Elizabeth Eckford te vertoon aan die wêreld teen die dreigende wit volwassenes
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – L2]*

- Om die staat se standpunt oor segregasie van skole te ondersteun/ Om te wys dat hulle nie ten gunste van desegregasie was
- Om Elizabeth Eckford te verhoed om Central High School binne te gaan
- Om Elizabeth Eckford te intimideer/ het haar uitsluiting vanuit die skool ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3C om ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 3B noem dat die skare Elizabeth Eckford verhoed het om Central High op haar eerste dag binne te gaan en Bron 3C wys Elizabeth Eckford by 'n bushalte ná sy verhoed is om Central High School binne te gaan/ Beide bronne verwys na Elizabeth Eckford wat **verhoed is om Central High binne te gaan**
- Bron 3B **beskryf hoe vreesbevange sy was terwyl sy by die bushalte gewag het en gevoel het dat die skare 'n bende was** en Bron 3C wys Elizabeth Eckford by die bushalte omring deur **baie mense**
- Bron 3B noem dat die Arkansas Nasionale Garde haar gekeer het om die skool binne te gaan en Bron 3C wys die Arkansas **Nasionale Garde** wat gestuur is deur die goewerneur – nie om haar te help om binne te gaan nie/**om te voorkom dat sy Central High School binnegaan**/ Beide bronne verwys na die Nasional Garde wat Elizabeth Eckford verhoed om Central High binne te gaan
- Beide bronne verwys na Elizabeth Eckford wat sit by die bushalte om vinnig weg te kom van die onvriendelike situasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- '… vir verandering bang was …'
- '… deur onkundigheid ingelig …'
- '… dít wat hulle eenvoudig nie kon verstaan nie, te haat' (3 x 1) (3)

3.5.2 *[Verduideliking van historiese term in Bron 3D – L2]*

- Regte van burgers wat staatswette vervang het in die VSA
- Regte wat deur nasionale regering beskerm is vir die beskerming van die burgers
- Regte van die Amerikaanse burgers wat in die Konstitusie omvat word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Ten spyte van die vordering wat gemaak is met betrekking tot desegregasie, word basiese menseregte steeds nie ten volle ondervind deur alle Amerikaanse burgers nie/Werk aan hervormings in die VSA moet steeds gedoen word
- Alhoewel die Amerikaanse regering wonderlike verbeteringe ten opsigte van basiese menseregte gemaak kan ander state steeds meer hervormings bring
- Die hervormings in die VSA moet voortgaan want diskriminasie was nie heeltemal verby nie/ rasse ongelykheid het nog bestaan
- Die pad na desegregasie was 'n werkende proses
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- '… swartes …'
- '… wittes…'
- '… Spaanse Amerikaners …'
- '… Inheemse Amerikaners …' (enige 2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die Veertiende Amendement stel dat alle Amerikaanse burgers gelyk is en daarom geregtig is op dieselfde regte en beskerming ongeag die staat (Bron 3A)
- Op pad skool toe is Elizabeth Eckford hartseer gemaak deur die verbale mishandeling wat sy moes deurmaak van wit rassiste (eie kennis)
- Sy het opgewonde gevoel dat om Central High School toe te gaan te gaan in plaas van ná die plaaslike swart skool (Dunbar) haar meer geleenthede sou bied (Bron 3B)
- Elizabeth Eckford het meer bedreig gevoel deur die geraas wat deur die skare gemaak is agter haar (Bron 3B)
- Elizabeth Eckford het Central High School toe gegaan op 4 September 1957, maar is toegang geweier deur 'n rassistiese wit bende en die Arkansas Nasionale Garde (Bron 3B en 3C)
- Sy het geïsoleer gesit en gewag vir die bus om te kom en haar op te laai (Bron 3B en 3C)
- Elizabeth Eckford het geïntimideer gevoel deur die skare/bende (Bron 3C)
- Elizabeth Eckford het gevoel dat sy kon huil as gevolg van die mishandeling wat sy daardie dag ondervind het (eie kennis)
- Ten spyte van haar ouderdom, was Elizabeth Eckford selfbeheers (eie kennis)
- Voormalige Amerikaanse President Bill Clinton het haar geloof vir haar rol, tesame met die ander Little Rock Nege in die desegregasie van Central High en die langdurige impak wat dit op die VSA gehad het (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip voor watter ervarings Elizabeth Eckford in 1957 te staan gekom het tydens 'n poging om Central High School in Little Rock, Arkansas, te desegregeer**. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**PUNTE 0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n bietjie begrip voor watter ervarings Elizabeth Eckford in 1957 te staan gekom het tydens 'n poging om Central High School in Little Rock, Arkansas, te desegregeer**. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**PUNTE 3–5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip voor watter ervarings Elizabeth Eckford in 1957 te staan gekom het tydens 'n poging om Central High School in Little Rock, Arkansas, te desegregeer**. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6–8**

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Amerika se militêre dominansie gedurende die Viëtnamese oorlog tussen 1957 en 1975 deur die Viëtkong se taktieke ondoeltreffend gemaak is. Hulle moet aandui **tot 'n groter mate of 'n kleiner/mindere mate** en hulle argument met relevant historiese bewyse ondersteun

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik of dit tot 'n **groter of mindere mate** was dat die Amerikaanse dominansie gedurende die Viëtnamese oorlog tussen 1957 en 1975 deur die Viëtkong se taktieke ondoeltreffend gemaak is. Hulle moet ook voorbeelde verskaf van die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argument te ondersteun.

UITBREIDING
Fokus op die militêre taktieke wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is.

- Redes vir VSA se betrokkenheid: inperking en Domino-teorie
- Amerika se eerste ingryping in Suid-Viëtnam – stuur wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong – passiewe betrokkenheid
- Ho Chi Minh-roete is gebruik deur die Viëtminh (kommunistiese guerrillas uit Noord-Viëtnam) om die Viëtkong te ondersteun – Gehelp om kos en wapens aan die Viëtkong te verskaf – gemaak dat VSA-taktieke tot 'n groter mate misluk
- Amerika het die 'Safe Village'-beleid/Hamlet-strategie/'Villagisation' (hervestiging van mense in nuwe dorpe) ingestel – probeer om guerrillas van die dorpenaars te isoleer/skei (1963)/'Safe Village'-beleid was oneffektief tot 'n groter mate, want die Viëtkong het uit 'villages' te werk gegaan
- Die Golf van Tonkin-insident en oplossing (1964)/Amerika het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog was nie
- Amerika het op 8 Maart 1965 3 500 'marines' (soldate) en grondtroepe na Viëtnam gestuur/konvensionele militêre strategie is deur die guerrilla-taktieke verwar
- Operation Ranch Hand (1962–1971) – gebruik chemiese ontblaringsmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) – en Agent Blue (om landbouprodukte en kos te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en is deur baie veroordeel
- President Johnson het Operation Rolling Thunder in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong vinnig te elimineer
- Guerilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van dorpenaars te onderskei – boere/kleinboere)
- Viëtkong het met die Tet Offensief (Januarie 1968) gereageer – verrassingsaanvalle (hinderlae) op 100 Amerikaans-beheerde stede

- Aantal Amerikaanse soldate wat dood is, het toegeneem – lei tot anti-oorlogoptogte in Amerika
- Hoogs effektiewe gebruik van guerilla-taktieke deur die Viëtkong
- VSA stuur jong, onervare soldate na Viëtnam
- VSA gebruik Soek-en-Vernietig(Search and Destroy)-beleid (My Lai Massacre) om dorpies wat die Viëtkong ondersteun, te vernietig
- Dit het tot 'n groot aantal burgerlike sterftes gelei – wat tot meer steun vir die Viëtkong gelei het
- Amerikaanse gruweldade en My Lai-massamoord (Maart 1968) het openbare mening teen die oorlog gedraai
- Noord-Viëtnam het militêre steun by die Sowjetunie en China gekry – sodat die Viëtminh en Viëtkong toegang tot moderne wapens gehad het om die VSA se militêre dominansie oneffektief te maak
- Guerilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtminh uit die noorde en hulle het taktieke gebruik soos fopstelsels, tref-en-hardloop, sabotasie en ondergrondse tonnels
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke wat teen die Amerikaanse soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom. Dit is ook WHAM (Winning the Hearts and Minds of the Viëtnamese) genoem en dit het Amerika se onvermoë om te keer dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking, aangedui
- Amerika het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys Vredesooreenkoms onderteken – wat die Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog beëindig het)
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem
- Viëtnam was verenig onder kommunistiese beheer/VSA se militêre taktieke het nie geslaag om die Viëtkong te verslaan nie tot 'n groter mate
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle **saamstem** of **nie saamstem nie** met die stelling dat Mobutu Sese Seko slegs politieke veranderinge in die nuwe onafhanklike Kongo ingestel het. Onder die hoofbesprekings moet hulle nie saamstem nie en aandui dat daar ook ekonomiese, sosiale en kulturele veranderinge was wat hy ingestel het. Hulle moet hulle argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n argumentslyn aanneem deur **saam te stem** of **nie saamstem te stem nie** met die stelling dat Mobutu Sese Seko slegs politieke veranderinge ingestel het in die nuwe onafhanklike Kongo. Kandidate moet 'n uitbreiding gee van die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumentslyn te ondersteun. Onder die hoofbesprekings moet hulle nie saam stem nie en aandui dat daar ook ekonomiese, sosiale en kulturele veranderinge was wat hy ingestel het.

UITBREIDING

Politieke beleide

- Die Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklikheid verkry met Kasavubu as President en Lumumba as Eerste Minister. Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is terwyl Lumumba ten gunste van 'n sterk sentrale nasionale regering was
- Die Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin – met Tshombe wat op afskeiding van Katanga vir hulle eie onafhanklikheid gefokus het
- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n coup d'état
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabiliteit te bring
- Mobutu het in 1967 daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe konstitusie as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR), gegee
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel/Mobutuïsme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak
- Mobutu is deur die VSA bygestaan omdat hy as 'n antikommunistiese bondgenoot beskou is
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van staatsinkome beheer
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang het – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het
- Hy het nepotisme (kleptokrasie) toegelaat
- Mobutu was lewenslange president tot met sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord

Ekonomiese beleide

- Nasionalisasie: Mobutu het die land se kopermynboubedryf genasionaliseer en die winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10 jaar-industrialisasieplan te finansier
- Het maatskappye wat deur buitelanders besit is, sonder vergoeding genasionaliseer
- Buitelandse maatskappye is onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas
- Het Zaïrenasie (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) ingestel
- Zaïrenasie het tot korrupsie, diefstal en wanbestuur gelei
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme wat 'n groot gaping tussen die elite en gewone burgers veroorsaak het/ryk en arm
- Swak ekonomiese beleide het tot die agteruitgaan in die toestand van infrastruktuur, soos paaie en ander infrastruktuur gelei
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep waar aangestelde aangewese amptenare hulle posisies vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu is gedwing om 'n retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Die Kongo se ekonomie het in duie gestort
- Die Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank
- Enige ander relevante antwoord

Sosiale beleide

- Teen onafhanklikheidswording het die Kongo 14 universiteits-gegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad
- Het 'n beleid van Authenticité (oorspronklik om inheemse gebruike en gelowe aan te moedig) geïmplementeer om ontslae te raak van koloniale invloed en om Zaïrese te verenig met 'n sin van trots vir eie kultuur. Ook as Afrikanisering bekend
- Vervang doopname met Afrika-name, bv. die Kongo is in 1976 na Zaïre hernoem;
- Leopoldville het Kinshasa geword, Elisabethville het Lubumbashi geword en Stanleyville het Kisangani gewors; Mobuto het ook sy naam verander van Joseph - Desire Mobutu na Mobutu Sese Seko Kuku Ngbedu Waza Banga, wat 'Die Allesoorwinnende Kryger wat oor sy uithouvermoë en Onbuigbare Wil Wen, sal van Oorwinning na Oorwinning gaan en Vuur agter Hom laat'
- Mobutu beskou demokrasie as 'n buitelandse ideologie vir Afrika – hy regeer as 'n Hoofman in 'n tradisionele Afrika-styl en gebruik dit om sy eie outoritêre posisie te versterk
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het steeds die stedelike elite bevoordeel
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 gestyg (anti-koloniaal)
- Onderwysers en hospitaalpersoneel is vir maande lank nie betaal nie as gevolg van swak ekonomiese praktyke
- Enige ander relevante antwoord

Kulturele beleide

- Kleredrag: die dra van Westerse-styl pakke is verbied (deur 'n dekreet) en vervang met 'abacos' ('A bas le costumes'), wat beteken 'weg met die pak'
- Afrika-musiek/-kuns/-dans is aangemoedig (anti-koloniaal)
- Afrika-haarstyle is aangemoedig (Afrikanisering)
- Enige ander relevante antwoord.
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]

SINOPSIS

Kandidate moet reageer deur aan te dui dat die Swartmagbeweging (SMB) **nie slegs 'n radikale benadering aangeneem het** in hulle pogings om diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's te beëindig **nie**. Die kritiese bespreking moet 'n gebalanseerde siening verskaf deur aan te dui dat die **benadering ook psigologies(sielkundig)/passief en vreedsaam** was– in die vorm van gemeenskaps-projekte. Hulle moet hulle argumente met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem wat 'n gebalanseerde siening gee deur aan te dui dat die Swartmagbeweging (SMB) **'n radikale asook 'n psigologiese/sielkundige (passiewe) benadering aangeneem het** in hulle pogings om diskriminasie en segregasie te beëindig. Hulle moet 'n voorbeeld of voorbeelde van metodes wat radikaal en psigologies (sielkundig) was om diskriminasie in die VSA in die 1960's uit te daag, verskaf.

UITBREIDING

- Swart Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
- Die Swartmagbeweging het die Swartmagfilosofie verkondig wat die gees van selfgelding, selfstandigheid, swart trots, beheer van politiek in eie gemeenskappe (verkondig deur Stokely Carmichael) bevorder het; swart Afrikaners moes hulleself teen polisiewreedheid beskerm; swartes moes vryheid van wit mag nastreef; die Afrohaarstyl en Afrika-kleredrag is bevorder en die slagspreuk 'Black is beautiful' is uitgedink' (nie radikaal/psigologies [sielkundig])
- Malcolm X het selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder (radikaal)
  - Hy het geredeneer dat bloedvergieting vir rewolusie nodig was en hy het selfrespek en selfdissipline verkondig (radikaal)
  - Bevorder die konsep van Black Pride ('Swart Trots'), selfagting/selfrespek/self-help) (nie radikaal nie)
  - Moedig swart Amerikaners aan om hoe ook al teen wit Amerikaanse owerhede op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid (radikaal)
  - Ondersteun die gebruik van geweld as 'n middel van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het (radikaal)
- Die Black Panther Party (BPP) is gevorm deur Huey Newton en Bobby Seale om swart woonbuurte te beskerm teen polisiewreedheid:
  - BPP het gewere gedra (radikaal)
  - BPP het programme soos 'Gratis Ontbyt vir Kinders' en leerskemas begin (nie radikaal nie)
  - Neem Tienpuntplan aan om hulle sosiale/maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te verwesenlik (radikaal/nie radikaal nie)

  - Die BPP het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgewis en leer in skole verbeter (radikaal/nie radikaal nie)
  - BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid in die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (radikaal/nie radikaal nie)
  - BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien (radikaal/nie radikaal nie)
  - BPP-lede het strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite (polisieer die polisie) te moniteer en om hulle teen polisiewreedheid te beskerm (radikaal)
  - BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word (radikaal/nie radikaal nie)
- Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van die geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het
  - Verkondig die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners (radikaal)
  - Hy bevorder een plan om die VSA in aparte swart en wit gemeenskappe te verdeel (radikaal)
  - Hy was teen die VSA se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog (radikaal/ nie radikaal nie)
- Rol van Angela Davis- politieke aktivis
  - Lid en leier van die Black Panther Party
  - Organiseer borgtog veldtogte vir gearresteerde Black Panther lede
  - Aangekla met sameswering, ontvoering, moord, vir die gebruik van vuurwapens geregistreer in haar naam vir die ‘Soledad Brothers’ insident
- Rol van enige ander Swartmagbeweging aktiviste
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou